| |
|---|
| Verslagwaardig: Ja / Nee<br>Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee |

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 106/05

Datum verhoor: 2006-02-02
Datum gelewer: 2006-02-03

In die appél van:

**JEROME VAN WYK** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* MOLWANTWA WnR

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant het in die streekhof te Upington skuldig gepleit op aanklagte van diefstal (aanklag 1) en diefstal vanuit 'n motorvoertuig (aanklag 2). Op die voormelde aanklagte is hy as volg gevonnis: Aanklag 1 (diefstal): 2 jaar gevangenisstraf;
Aanklag 2 (diefstal vanuit 'n motorvoertuig): 6 jaar gevangenisstraf. Hy is dus effektiewelik 8 jaar gevangenisstraf opgelê, aangesien geen sameloping van die vonnisse gelas is nie. Die appellant is ook onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit. Alhoewel 'n

aansoek om verlof om te appelleer deur die streeklanddros van die hand gewys is, is die appellant op petisie na hierdie Hof verlof verleen om teen sy opgelegde vonnisse te appelleer.

2. Die beperkte bevoegdhede van 'n hof om op appél in te meng met opgelegde vonnisse is welbekend, naamlik in daardie gevalle waar daar 'n duidelike onreëlmatigheid of mistasting in die opgelegde vonnis aan te merk is of waar die vonnis só swaar is dat dit 'n gevoel van skok wek.
Sien in dié verband ondermeer: **S v Blank 1995(1) SASV 62(A)** te 65 h – 66 b.

3. Die appellant was 21 jaar oud ten tyde van die verhoor, ongetroud en het geen kinders gehad nie. Hy het tot standerd 5 skool gegaan en het skuldig gepleit op die twee aanklagte wat hom ten laste gelê is. Die radiokassetspeler wat uit die voertuig gesteel was en wat die onderwerp gevorm het van die skuldigbevinding op aanklag 2 is teruggevind. Daardie radiokassetspeler se waarde is erken deur die appellant in sy pleitverduideliking as R3000,00. Die brille wat die onderwerp vorm van aanklag 1 en wat R2000,00 werd was, is egter nie teruggevind nie.

4. Die appellant het drie verbandhoudende vorige veroordelings met oneerlikheid as 'n element daarvan, naamlik:

a) Op 6 Januarie 1998 is hy gevonnis vir besit van vermoedelik gesteelde eiendom en is die oplegging van sy vonnis

uitgestel vir 4 jaar.

b) Op 29 Oktober 1998 is hy gevonnis vir huisbraak met die opset om te steel en diefstel en die oplegging van sy vonnis is uitgestel vir 5 jaar.

c) Op 11 Oktober 2002 is hy gevonnis vir diefstal tot 18 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande opgeskort is vir 5 jaar op bepaalde voorwaardes (dus effektiewe gevangenisstraf van 12 maande). Dit is nie duidelik of hierdie voormelde opgeskorte vonnis alreeds in werking gestel is of gaan word nie.

5. Dit blyk duidelik uit die streeklanddros se uitspraak dat hy die vorige veroordelings van die appellant heeltemal oorbeklemtoon het en sy hoogs versagtende persoonlike omstandighede grootliks onderbeklemtoon het. Die streeklanddros het na my mening ook heeltemal té veel klem gelê op die erns van die misdrywe, veral dié op aanklag 2, diefstal vanuit 'n motorvoertuig. Die kumulatiewe effek van die vonnisse wat opgelê is, is na my mening ook heeltemal te swaar en wek by my 'n gevoel van skok. Dieselfde kan ook gesê ook word vir die vonnis op aanklag 2 – ek is van mening dat dit heeltemal te swaar is gegewe die omstandighede van die misdryf, inaggenome die appellant se persoonlike omstandighede, vernaamlik sy pleit van skuldig.

6. Namens die Staat het Me Birch heeltemal tereg toegegee dat die vonnis op aanklag 2 veral, skokkend onvanpas is. In dié verband het sy na twee ongerapporteerde uitsprake van hierdie afdeling

verwys, naamlik:

a) **S v April Khani** gelewer op 16/08/2002 (Kgomo RP, Van der Walt R samestemmend), waar die appellant 'n derde oortreder van huisbraak met die opset om te steel en diefstal was en hy vir diefstal uit 'n motorvoertuig gevonnis is tot 2 jaar gevangenisstraf in die *hof a quo*, welke vonnis op hersiening bekragtig is.

b) **Staat v Jerome Muller** gelewer op 26/02/2005 (Tlaletsi R, Musi WnR samestemmend) waar 'n vierde oortreder van huisbraak met die opset om te steel en diefstal met verskeie aanrandings vir diefstal uit 'n motorvoertuig gevonnis is tot 2 jaar gevangenisstraf.

Wanneer die voormelde opgelegde vonnisse vergelyk word met die onderhawige vonnis, is dit baie duidelik dat die opgelegde vonnis op aanklag 2 skokkend onvanpas is en dus inmenging regverdig.

7. Alhoewel die vonnis op aanklag 1 swaar is, is ek die mening toegedaan dat dit nie inmenging op appél regverdig nie. Die appellant se vorige veroordelings en sy klaarblyklike geneigdheid om ander mense te besteel, regverdig na my mening die opgelegde vonnis van 2 jaar gevangenisstraf op aanklag 1.

8. Gevolglik reik ek die volgende bevel uit:

**1. Die appellant se skuldigbevindings word bekragtig.**

**2. Die appél teen vonnis op aanklag 1 word van die hand gewys, maar die appél teen vonnis op aanklag 2 slaag.**

**3. Die vonnis op aanklag 2 word ter syde gestel en vervang met die volgende: "TWEE JAAR GEVANGENISSTRAF."**

**4. Die voormelde vonnis word teruggedateer tot 4 Februarie 2005.**

______________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**BC MOLWANTWA**
**WAARNEMENDE REGTER**

---

NAMENS APPELLANT : Adv T Fourie
NAMENS RESPONDENT : Adv TT Birch

DATUM VAN VERHOOR : 2006-02-02
DATUM VAN UITSPRAAK : 2006-02-03